**Saterdag 23 April**

**Skrifgedeelte: Jeremia 23:23-32**
**Fokusgedeelte: Jeremia 23:23-24**

## Die Here is nie ver van ons nie

In die tyd dat Jeremia profeteer, is daar nie baie om oor opgewonde te raak nie. Die ballingskap van die volk is op hande en hulle wil hulle nie bekeer nie. Hulle gaan eerder van kwaad na erger. Die godsdiensleiers het ook nie in dié omstandighede enige leiding gegee nie, maar eerder meegewerk aan die verslegtende omstandighede van die volk. Hulle tree op as profete, maar hulle profeteer nie wat die Here openbaar nie.

Teenoor hierdie verval in die profete-amp openbaar die Here steeds dat Hy naby aan sy volk is. Hy is nie ver van hulle nie en Hy praat nie deur allerhande drome van profete met sy volk nie. Terwyl die profete met hulle raaisels en drome besig is, maak die Here Hom duidelik en verstaanbaar deur die mond van sy ware profeet bekend. Hy het die hemel en die aarde geskep en Hy is alomteenwoordig.

Vir die gelowige wat elke dag met die realiteit van die lewe worstel, bied hierdie wete wonderbaarlike troos. God het in Jesus Christus naby aan ons gekom; Hy het Homself ontledig en die gestalte van 'n mens aangeneem. Hy kan met al ons swakhede en ons stryd in hierdie lewe medelye hê, want Hy het naby aan ons gekom (Heb. 4:15). Hy het medelye met ons, want sy lyding en smart oortref die swaarste wat ons ons kan indink.

Die uiteinde van ons Vader se nabyheid deur Jesus Christus is dat ons ons nou kan verbly (Fil. 4:4-5) en ons vriendelikheid aan alle mense rondom ons bekendmaak.

Ons leef in tye waar ons baie het om ons oor te bekommer. Daar is seker baie rede om mismoedig te wees. Dit is menslik, maar ons kan weet ons het troos en vreugde in hierdie lewe. Die Here is nie ver van ons nie.

*Sing: Psalm 146:1, 2, 3 (1936)*

*Ds. C (Christiaan) Jooste (Wonderboompoort)*